# VERENIGDE POSDUIF UNIE

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGDE POSDUIF UNIE GEHOU OP SATERDAG 06 APRIL 2019 OM 11H00 IN DIE KLUBHUIS VAN VANDERBIJLPARK POSDUIF KLUB**

1. **OPENING.**

   Die Voorsitter Attie du Plessis open die vergadering met gebed.

2. **VERWELKOMING.**

   Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom.

3. **PRESENSIELYS.**

   Die presensielys word gesirkuleer en voltooi deur die lede wat teenwoordig is. In totaal is daar 22 (twee en twintig) lede aanwesig.

4. **VERSKONINGS.**

   Luiz Almeida is afwesig met verskoning.

5. **LIEF EN LEED.**

   Luiz Almeida word ‘n spoedige herstel toegewens na sy operasie. Daan Venter word in ons gebede gehou en word ‘n spoedige herstel ook aan Daan Venter toegewens.

6. **AFSTERWES GEDURENDE 2018/19.**

   Johnny Kuskhonov

7. **GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VPU GEHOU OP 27 FEBRUARIE 2018.**

   Die notule van die algemene jaarvergadering gehou op die 27 Februarie 2018 word goedgekeur.

8. **VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE 2018 EN BEGROTING VIR 2019.**
   Finansiële state vir 2018 word goedgekeur.

**9. KONTANT OP HANDE.**

Vergadering neem kennis dat die balans op die rekening van die VPU tans ongeveer R 112179.37 beloop. Belleging R100000.00

**10. ERE LIDMAATSKAP.**

**10.1. PERMANENTE LEDE.**

Lys van permanente lede reeds goegekeur moet bygehou word.

Tonnie van Tonder en Oubaas Griesel word genomineer vir permanente lidmaatskap.

**10.2. ERE LIDMAATSKAP JAARLIKS.**

Louis Hough word genomineer vir jaarlikse ere lidmaatskap

**11. VERKIESING VAN UNIE BESTUUR 2018.**

Die Unie Bestuur vir 2019 word as volg verkies, te wete:-

**11.1. VOORSITTER :**

Attie du Plessis

**11.2. O/VOORSITTER :**

Andre Myburgh

**11.3. SEKRETARIS :**

Cor van der Merwe

**11.4. TESOURIER :**

Nooi Myburgh

**11.5. WEDVLUG SEKRETARIS :**

Luiz Almeida

**11.6. VERVOER BEAMPTE :**

Waynne McPherson

**11.7. RING EN VOORRAAD BEAMPTE :**

Piet Cronje

**11.8. PUBLIKASIE BEAMPTE :**

Tony de Sa

**11.9. GEKOÖPTEERDE LEDE :**

Danie Els (Heilbron)

Schalk Postumus (Koppies)

Arno Steyn (Unitaspark)

Hugh Orr (Overvaal)

Jaco Buitendag (Sasolburg)

**12. HONORARIUMS BETAALBAAR AAN AMPSDRAERS.**

Die honorariums betaalbaar aan ampsdraers: 15 uit 15 duiwe plus eise van die uitgawes, sal deur Unie Bestuurkomitee, oorweeg word.

**13. WEDVLUG PROGRAM 2019 :**

Wedvlug program vir 2019 word gewysig deur Windurg as n verpligte wedvlug te hanteer. Die wedvlug sal egter nie vir punte op unie vlak tel nie agv koppied en Heilbron wat te naby aan die punte is. Verder word daar aan die einde van die program nog n wedvlug nl. Hanover 3 Ope en Hanover 4 Ope bygevoeg.Hierdie Wedvlug word geborg deur Wayne McPherson. Wedvlugte begin dus 1 Junie 2019 en eindig 05 Oktober 2019

**14. OEFEN WEDVLUGMANDJIES/PRORAM & KOSTES.**

Daar is moontlik 28 mandjies (14 op ‘n kant), beskikbaar vir oefen duiwe.

Oefen duiwe kry nie kos en water Vrydag voor hulle gelos word nie.

Daar was navrae gerig aangaande die SANPO reëls oor Tosduiwe en Wedvlug. Beskikbaarheid en toedeling van oefenmandjies gaan oorstaan en sal deurgegee word aan die verskillende klubs. Die behoefte wat sover ontvang is vanaf Nooi is 27 mandjies. Daar gaan gepoog word om indien moontlik steeds oefenmandjies te hê.

**15. GAUTENG COMBINE WEDVLUGTE.**

Meer reise stem ooreen met ander unies. Daar is 10 Combine Wedvlugte. Op die 17de April 2019 vind die Gauteng Vergardering plaas, wat dit bevestig sal word.

**16. GAUTENG PROVINSIE. – BESTUUR & KOöPTERING VAN LEDE.**

SANPO gelde word bespreek R80 en Gauteng provinsie R50

Louis Hough – Voorsitter

Cor van der Merwe - Tesourier

**17. PRET WEDVLUG.**

Die pret wedvlug sal n normale wedvlug wees, sonder enige koste. Almal moet daaraan deelneem om te verseker dat alles in plek is, daar sal ook uitslae wees tot op unie vlak. Die wedvlug sal egter nie vir punte tel nie. Daar sal gepoog word om nie in ‘n Combine los te laat nie.

**18. VERVOER : KOSTES VIR 2018 & DATUMS BETAALBAAR.**

Die vervoer kostes vir 2019 beloop as volg:-

1. 10 duif span – R2, 400.00
2. 15 duif span – R3, 700.00
3. 20 duif span – R5, 000.00

Die gelde is in 4 gelyke paaiemante betaalbaar.

30 April 2018

31 Mei 2018

30 Junie 2018

31 Julie 2018

SANPO gelde is betaalbaar April 2019.

As die skema kies is dit vas.

SANPO gelde beloop R80.00 vir seniors (R130.00)

SANPO gelde beloop R50.00 vir juniors (R100.00)

Gauteng gelde beloop R50.00

Juniors betaal nie uniegelde nie

Uniegelde vir seniors beloop R250.00

**19. REGMAAK VAN DIE TROK.**

Huur die trok van die million dollar.

Goedkeuring word gegee dat daar voortgegaan gaan word om die trok reg te maak vir die seisoen.

**20. "SIGNWRITING" OP DIE MANDJIES.**

Die ''*signwriting*'' op die mandjies moet gedoen word na mandjie toedeling.

**21. MANDJIE TOEDELING (NA BETAAL VAN 1STE PAAIEMENT).**

Die mandjie toedeling sal gedoen word na die betaling van die 1 ste paaiement.

**22. GESAMENTLIKE LOSLATINGS.**

In 2018 was Pretoria in beheer. Daar is beslis op 'n nuwe reël dat daar nie doelbewus 'n "*overnight*" geforseer mag word nie

**23. SKEMAS : HOEVEEL SPANNE WORD TOEGELAAT.**

'n Maksimum van 3 spanne per Hok word toegelaat waarvan die 1ste span 'n 20 duif span moet wees. Al die spanne moet egter apart geregistreer wees en geen duiwe mag van een span na n ander oorgeplaas word vir die volle jaar of seisoen nie. Indien n lid by nog n organisasie vlieg, mag die twee organisasies nie op dieselfde plek gesamentlik duiwe oopmaak vir die wedvlug nie.

**24. NUWE KLUBS**

1. Goedkeuring word gegee aan Kroonstad klub – Kroonstad mag saamvlieg maar nie vir punte tans slegs 4 lede
2. Daar sal n uitslag wees waar Kroonstad se uitslae met die VPU se uitslag gekombineer sal wees, maar dit sal nie amptelik vir punte wees nie.
3. Unitaspark en Overvaal is 2 nuwe klubs
4. Oom Vallie wil n Noordelike interklub kompetisies byhou, maar die amptelike Unie uitslag sal geld. Dit word goedgekeur op voorwaarde daar nie n afsonderlike Prysuitdeling vir die Noordelike seksie sal plaasvind nie.
5. Oom Vallie versoek 'n persoon van sy klub op die trok die versoek word afgekeur.
6. Unitaspark en Overvaal verwag om 'n paar jaar te bly en sal in harmonie saam werk.
7. Unitaspark en Overvaal sal eers na 2 jaar op die VPU kommitee kan dien.

8. TRPF lede is plus minus 14 lede.
9. Vereeniging stadsraas is binne ‘n radius van 80km
10. Kliprivier is binne ‘n radius van 80km.
11. Dit is beslis dat plus minus 3 lede, plus minus 5 kilometer buite die grens is.
12. Attie die Plessis vra vir goedkeuring per klub en stel voor dat die grense gehou moet word soos dit is en dat hulle slegs op meriete toegelaat moet word (hierdie aspek is oopgehou vir bespreking)
13. Beperking van Klublede word oopgehou vir bespreking
14. 5 km’s maak nie saak van die saak nie dit bly buite die grense (hou oop vir bespreking)
15. Elke lid het die reg om te vlieg waar hy wil vlieg.
16. Jaco Buitendag vra dat daar in ander rigtings ook gevlieg moet word dit word vir nou afgekeur maar bestuur sal kyk daarna.
17. Laaste konstitusie is opgegradeer in 2016. Cor van der Merwe sal die konstitusie opdateer.

**25. VERBODE MIDDELS TOETSINGS KOMITEE.**

Die verbode middels toetsings komitee bestaan uit die volgende lede :

Midvaal - Chris van der Merwe

Overvaal – Hugh Orr

Heilbron – Piet van Zyl

Unitaspark – Gert Steyn

Sasol – Jaco Buitendag

Playfair – Tommie Bezuidenhout

Supreme – Piet Cronje

Vanderbijlpark – Andre Myburg

Koppies – Schalk Postumus

Hulle sal egter op ‘n kursus moet gaan Hugh Orr deel die vergadering mee dat hy en van sy klublede reeds gekwalifiseerd is.

**26. ITEMS DEUR KLUBS ONTVANG - GEEN**

**1.** Jaco Buitendag vra dat daar in ander rigtings ook gevlieg moet word dit word vir nou afgekeur maar bestuur sal kyk daarna.

2. Oom Vallie wil n Noordelike interklub kompetisies byhou, maar die amptelike Unie uitslag sal geld. Dit word goedgekeur op voorwaarde daar nie n afsonderlike Prysuitdeling vir die Noordelike seksie sal plaasvind nie.

**27. PUBLIKASIE BEAMPTE : UNIE SE WEBWERF.**

www.vpupigeons.co.za is op en die uitslae. Daar sal gepoog word om die uitslae te publiseer in die plaaslike koerante.Tony gaan die inligting van die kamera's aflaai en in sy veilige bewaring hou indien daar enige navrae is.

**28. KOMPETISIES : BIG 5 & KLUB.**

Die kompetisie is nog aan

Die klub kompetisie sal nog bespreek word deur die kommitee.

Dokumente moet ingedien word die eerste aand van mandjie.

**29. VPU VEILINGSGELDE : DATUM BETAALBAAR.**

Moet betaal wees voor of op die 31ste Julie 2019. Die persoon wat betaal vlieg die duif – oorgedra let wel.

**30. JAAREIND FUNKSIE KOMITEE.**

Sal saamgestel word by die volgende Bestuursvergadering.

**31. UITSTAANDE DOKUMENTASIE KLUBS.**

2 Kloklyse – elektronies

Mense wat meer as een span vlieg mag nie oorgedra word van een span na die ander in die seisoen nie. Dit geld ook waar n Junior vlieg saam met n ander lid.

**32. POKKE & PARAMYXO SERTIFIKATE 2 VOUDIG.**

Pokke en Paramyxo lyste moet gehou word een by die Lid of by die klub.

Vorm moet vanaf Nooi ingevul word. JO Nominasie vorm – 1ste een is klaar betaal, 2 en 3 beteel teen R50 p/d. Dit moet ingedien word die eerste aand van mandjie, asook die big 5 nomminasies.

**33. VERLIES VAN DUIWE, TELEFOONNOMMERS & RAPPORTERING**

Die nommer op die elektroniese ring of op ‘n merkring sal die wees van die amptelike selnommer van die Unie se ring beampte. Die 2019 ringe het egter die nommer op die ring. Alle ander duiwe moet plakkers op die elektroniese ring aangebring word. Klubs moet so gou as moontlik laat weet die aantal plakkers wat benodig word.

**34. SANPO KORRESPONDENSIE /AANGELEENTHEDE BESPREEK BY AJV VAN 2019 EN GRONDWET WYSIGINGS.**

1. Geen wedvlugte mag gevlieg word wat meer as 1000km is nie.
2. Geen lid mag sy duiwe in een mandjie laai vir n wedvlug nie, verder moet die mandjies versprei word op die trok.
3. Geen lid mag kwalifiseer vir meriete toekenning by SANPO in die jaar wat hy of sy positief getoets is vir verbode middels nie.
4. Kaffiene sowel as Bromhexine word nie meer beskou as verbode middels nie.
5. Geen lid van SANPO mag aan n organisasie behoort of vlieg wat nie aan SANPO geaffilieer is nie.
6. Geen oefenduiwe mag saam met enige wedvlug gelos word nie, daar moet n wagtyd van 30 minute wees.
7. Geen lid mag aan 2 organisasies se bestuur behoort, indien hy of sy nie n aktiewe vliende lid van beide organisasies is nie.
8. Junior mag n maksimun van 5 duiwe per wedvlug vlieg.
9. Alle persone wat n verbode middel toets uitoefen op duiwe, moet opgelei wees daarvoor, met n nodige sertifikaat.
10. ODRA in as unie deur SANPO aanvaar. Die nuwe GRPF se aansoek is uitgestel, aangesien daar nog uitstaande sake is.
11. Geen wedvlug mag, met die intensie om n oornag wedvlug af te dwing, plaasvind die.
12. Geen wedvlug uitslag sal mag aanvaar word indien die duiwe op n “Training motion” geklok is nie.
13. Die grense van die Vereenigde Posduif Unie is 80km Suid vanaf die Stadsaal van Vereeniging en waar die Kliprivier kruis op die R59. Tot en met Everite en daarna die Heidelberg/Nigel teerpad wat van ‘n westelike na ‘n oostelike rigting beweeg.
14. Daar moet gepoog word om nie eie duiwe te mandjie nie.

**35. AFSLUITING.**

Die vergadering verdaag om 16:00

**GOEDGEKEUR :**

**VOORSITTER:** **DATUM :**

**SEKRETARIS :** **DATUM :**